Publication: Frankfort Herald
Date: Friday, April 30, 2021
Page: 2

# DA moedig Vrystaters aan om deel te neem in die OSV Parlementêre verhore

## 14 Mei 10H00-13H00 Mafube Frankfort

Die Demokratiese Alliansie (DA) in die Vrystaat moedig mense aan om deel te neem in die Parlementêre openbare vergaderings oor wetgewing rondom onteiening sonder vergoeding (OSV).

Die ideologies-gedrewe wetgewing het rampspoedige gevolge vir vir ons nasionale en provinsiale ekonomieë. Daar is internasionaal, in lande soos Zimbabwe en Venezuela, bewys dat OSV grootskaalse hongersnood veroorsaak, investering beperk en werkloosheid en armoede verhoog. Ten spyte hiervan is die ANC-regering in Suid-Afrika vasbeslote om voort te gaan met hierdie wetgewing.

Dit wil voorkom asof die ANC 'n ekonomiese geskroeide aarde benadering toepas terwyl hulle in hul eie onbevoegdheid, korrupsie en binnegevegte verdrink.

Die Parlement het twee wetgewende prosesse wat met onteiening sonder vergoeding handel. Die eerste proses was die voorgestelde 18de wysiging van die Grondwet wat Artikel 25 van die Grondwet wysig om voorsiening te maak vir OSV. Hierdie proses word tans afgehandel. Die tweede proses is die Onteieningswetsontwerp (Wetsontwerp 23 van 2020 ) wat deur die Minister van Openbare Werke en Infrastruktuur, Patricia de Lille, in die Parlement voorgelê is. Hierdie Wetsontwerp het die doel om die huidige Onteieningswet van 1975 te herroep, en om uitvoering te gee aan die wysiging van Artikel 25 van die Grondwet.

Die Onteieningswetsontwerp sal deur die Parlement aan Vrystaters vir kommentaar soos hiersonder uiteengesit voorgelê word (lokale sal later deurgegee word).

DATUM MUNISISPALITEIT DORP

13 Mei 10H00-13H00 Dihlabeng Bethlehem

14 Mei 10H00-13H00 Mafube Frankfort

15 Mei 10H00-13H00 Matjhabeng Welkom

16 Mei 10H00-13H00 Mangaung Botshabelo

Beskerm jou eiendom, beskerm jou plaaslike ekonomie, beskerm werksgeleenthede en beskerm die Vrystaat teen hongersnood en armoede deur jou stem te laat hoor teen die ANC se pogings om ons land en provinsie te vernietig.

*- Dr Roy Jankielsohn LPW - Leier van die Opposisie in die Vrystaat*

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.